***MEDIAVERKLARING*** ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

**DOEN INKOPIES OP VROUEDAG**

**Pretoria, 7 Augustus 2012.** Gaan soek na winskopies by die Voortrekkermonument se gewilde antiek- en versamelaarsmark op Vrouedag. Die mark vind plaas by die Voortrekkermonument Erfenisterrein op Donderdag, 9 Augustus van 09:00 tot 15:00 op die dak van die groot Amfiteater.

Verskeie nuwe uitstallers stal vir die eerste keer by die mark uit. Stalletjies is uiters gewild en daar ‘n lang waglys vir voornemende uitstallers bestaan. Die antiekmark bied ‘n wye verskeidenheid versamelaars- en antieke items te koop aan. Dit sluit in munte, medaljes, porselein, edelgesteentes, juweliersware, kunswerke, boeke, ou plate en poppe, ou speelgoed, radio’s, kameras, wetenskapinstrumente – te veel om te noem.

Daar is verversings en ‘n restaurant beskikbaar by die antiekmark, asook ‘n paar heerlike deli-kosse. Veilige parkering is beskikbaar teen slegs R20 toegang per voertuig. Die terrein is veilig en kinders kan hardloop en speel op die piekniekterrein, of aan ‘n begeleide perderit deelneem.

Navrae aangaande die antiekmark kan gerig word aan Geraldine by 012 326 6770 of by bemarking@voortrekkermon.org.za.

---

**UITGEREIK DEUR:**
**SONJA LOMBARD**
**BESTURENDE DIREKTEUR**
**VOORTREKKERMONUMENT**
**Tel: 012 326 6770**
**Faks: 012 326 8374**
**E-pos: sonja@voortrekkermon.org.za**